higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

02 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

020Q1N2202

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele tekste
   AFDELING D: Taal in praktyk
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n nuwe bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: INTERNETARTIKEL

Lees die onderstaande internetartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.



HOEKOM RAAK VROUE VERLIEF OP MOORDENAARS?
- Carla van der Spuy –

'n Man in 'n uniform het nog altyd vir vroue 'n soort bekoring ingehou, maar dan praat ons weens ooglopende redes nie van 'n skeloranje uniform agter tralies nie.

Tog is daar vroue wat tot geweldsmisdadigers en reeksmoordenaars aangetrokke voel. Party het al selfs in die spreekwoordelike skaduwee van die galg die knoop met hul onwaarskynlike geliefde deurgehaak – met 'n gewetenlose en koelbloedige misdadiger wat deur ander gehaat en gevrees word. Vir hulle is hierdie mense nie die soort monsters wat in die media uitgebeeld word nie, maar onweerstaanbare aspirantminnaars, ver verwyderd van Meneer Gewoon. Die liefde van hul lewe.

Hoekom? Is die vroue dan heeltemal van lotjie getik? Blykbaar nie. Carla van der Spuy het vir haar nuwe boek hierdie redes gaan ondersoek. Wat sou die aantrekkingskrag wees? Veral as hulle die geweldsmisdadiger met die lewenslange vonnis of een wat selfs ter dood veroordeel is, vir die eerste keer agter tralies ontmoet het? Hoekom so 'n onkonvensionele verhouding met talle uitdagings aanknoop en 'n geliefde met 'n 'kleurryke' eerder as vlekkelose verlede verkies?

Kopiereg voorbehou

Sheila Isenberg, skrywer van die opspraakwekkende boek Women Who Love Men Who Kill, dink nie dat vroue wat met geweldsmisdadigers trou, van lotjie getik is nie.

Volgens haar is hierdie vroue doodgewone mense uit alle vlakke van die samelewing – en hul getalle is aan die toeneem. Uit onderhoude met tronkbruide blyk hulle doodgewoon, maar helaas, smoorverlief te wees.

Hier volg van die redes wat kenners soos sielkundiges en kriminoloë wat in die boek aangehaal word, verskaf:

Party vroue voel tot die sogenaamde 'bad boys' aangetrokke. Hulle het nie die werklike man lief nie, maar hulle is op die illusie van 'n man verlief. So 'n verhouding is kunsmatig. Hulle kan hul afstand behou. Party is bang vir die intimiteit wat 'n huwelik meebring. Om met 'n veroordeelde met 'n lang vonnis te trou, is 'n manier waarop 'n vrou 'n verhouding kan hê sonder om te na aan die man te kom. Sy kan selfs vir die res van haar lewe 'n maagd bly.

Party (beslis nie almal nie) is self slagoffers van mishandeling en geweld, maar deur ontkenning en hul behoefte aan 'n veilige, geïdealiseerde en romantiese fantasie van die liefde verloor hul perspektief. Omdat hulle bereid is om alles prys te gee vir 'n liefde sonder hoop, belofte of huweliksregte, glo hulle dat dit ware liefde is.

Soms is dit ook 'n manier om beheer oor 'n man met mag uit te oefen. Soms voel die vrou selfs belangiker hoe erger die misdaad is, soos dié van reeksmoordenaars en massamoordenaars soos David Berkowitz, Ted Bundy en John Wayne. Die berugte Richard Ramirez, wat in 1989 weens 13 aanklagte van moord, 5 aanklagte van poging tot moord en 11 aanklagte van seksuele aanranding in Amerika ter dood veroordeel is en die gevreesde bynaam 'The Night Stalker' gekry het, het geen tekort aan vroulike aanbidders gehad nie en na sy vonnis was hulle selfs nog meer.

Gevangenes kan erg manipulerend, sjarmant of aantreklik wees. Baie van hulle is natuurlik sosiopate of narsissiste. Die reeksmoordenaar Ted Bundy met sy Hollywood-voorkoms en charisma was intelligent en besonder welsprekend. Jong vroue het die hofsaal tydens sy verhoor volgepak. Hy is met een van hulle, Carol Ann Boon, getroud, maar nie agter tralies nie! Hy het gedurende sy verhoor 'n obskure wet in Florida tot sy voordeel gebruik, een wat daarvoor voorsiening maak dat 'n huweliksverklaring in 'n hof en in die teenwoordigheid van 'n regter 'n wettige huwelik uitmaak.

Van die vroue voel tuis tussen gewelddadige mans. Dis die lewe wat hulle ken. Party het 'n familielid soos 'n broer of 'n pa in die tronk. Dus is dit nie vir hulle vreemd of selfs skandalig om geliefdes agter tralies te hê nie.

Dan is daar diegene wat dit vir die 'sensasie' of aandag doen. Sandie Blanton, 'n blonde, getatoeëerde Britse ouma wat destyds sommer twee keer troukoors gekry het, welwetende dat die mans van haar hart die doodstraf opgelê is, het bloot die media-aandag geniet. Sy het op al wat televisiekanaal en koerant is, gepronk en was waarskynlik op soek na avontuur.

[Verwerk uit: *https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/08/liefdetralies300.jpg*]

Kopiereg voorbehou

1.1	Deur wie is hierdie artikel geskryf?	(1)
1.2	Wat is die titel wat die persoon, genoem in VRAAG 1.1, vir haar nuwe boek gegee het?	(1)
1.3	In paragraaf 2 word na 'skeloranje uniform agter tralies' verwys.	
	Verduidelik wat hierdie sinsnede eintlik beteken met verwysing na die kleur asook die tralies.	(2)
1.4	Tot watter TWEE tipes mans voel sekere vroue aangetrokke volgens die bostaande artikel?	(2)
1.5	Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende uitdrukking beteken:	
	'Party het al selfs in die spreekwoordelike skaduwee van die galg ...'	(2)
1.6	Daar is TWEE dinge wat die skrywer noem wat haar fassineer oor hierdie aantrekkingskrag wat die vroue ervaar.	
	Noem hierdie TWEE dinge.	(2)
1.7	Noem die titel van Sheila Isenberg se opspraakwekkende boek.	(1)
1.8	Watter tipe vroue raak op moordenaars verlief volgens Sheila Isenberg?	(1)
1.9	Wat verstaan jy onder tronkbruide?	(1)
1.10	Skryf neer of die volgende stelling 'Waar' of 'Onwaar' is en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.	
	Die getal vroue wat met misdadigers in die huwelik tree raak meer.	(2)
1.11	Hoekom is die woorde 'bad boys' in aanhalingstekens binne die teks geplaas?	(1)
1.12	Noem TWEE redes hoekom die skryfstuk beweer dat hierdie tipe verhoudings meer kunsmatig is?	(2)
1.13	Watter TWEE sake oorheers soms vroue se gesonde oordeel wanneer hulle by hierdie tipe mans betrokke raak?	(2)
1.14	Noem TWEE van Amerika se berugste reeksmoordenaars en massamoordenaars.	(2)
1.15	Noem TWEE redes waarom Richard Ramirez in 1989 tot dood veroordeel is.	(2)
1.16	Hoekom dink jy was Richard Ramirez se bynaam 'The Night Stalker'?	(2)

Kopiereg voorbehou

1.17 Sekere misdadigers in die tronk openbaar karaktertrekke wat vroue kan mislei en bedrieg.

Noem TWEE sulke karaktertrekke. (2)

1.18 Waar is Ted Bundy en Carol Ann Boon getroud? (1)

1.19 Noem TWEE redes waarom sommige vroue tuis voel in sulke wanfunksionele verhoudings. (2)

1.20 Gee TWEE redes waarom Sandie Blanton van Brittanje verskil het van die gewone, alledaagse oumas. (2)

1.21 Waarna was Sandie Blanton waarskynlik op soek? (1)

1.22 Dink jy dit is reg om by iemand in 'n romantiese verhouding betrokke te raak terwyl die persoon tronkstraf vir 'n ernstige misdaad soos moord uitdien? Antwoord 'Ja' of 'Nee' en gee 'n rede vir die antwoord. (2)

1.23 Watter raad het jy vir vroue wat hul in 'n destruktiewe verhouding bevind? Moet hulle die verhouding beëindig of dit probeer herstel? Hoekom dink jy so? (2)

1.24 Skryf neer of die volgende stelling 'n 'Feit' of 'Opinie' is en gee 'n rede vir jou antwoord:

Vroue wat met mans in tronke verhoudings aanknoop, doen dit net vir die sensasie. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

INSTRUKSIES

Dit is belangrik dat jy as bestuurder van 'n motor moet weet hoe om 'n pap wiel om te ruil. Lees die volgende uittreksel aandagtig en volg die instruksies:

- Skryf AGT belangrike wenke neer om 'n pap wiel om te ruil.
- Skryf elke wenk as 'n hoofgedagte in 'n goeie volsin.
- Skryf die sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 8.
- Laat 'n reël oop tussen die sinne.
- Die opsomming moet tussen 70 en 80 woorde wees.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Wanneer jou motor 'n pap wiel kry, moenie rem trap nie. Haal jou voet van die petrolpedaal af, hou die stuurwiel stewig vas en laat die motor self spoed verloor. Trek die handrem op wanneer die motor tot stilstand kom. Haal die spaarwiel uit (maak gereeld seker dat die spaarwiel goed opgepomp is) en plaas voor die pap wiel onder die motor om 'n buffer te vorm as die motor dalk van die domkrag afval.

Haal die domkrag uit die kattebak en plaas op 'n plat houtblokkie onder die motor in die gleufie wat daarvoor aangebring is. Draai al die moere effens met die moersleutel los. Draai die slinger om die domkrag op te hys tot die motor behoorlik opgelig is. Draai die moere nou heeltemal los en haal uit en sit veilig eenkant.

Haal die wiel af en pas die spaarwiel oor die boute. Skroef die moere met die hand oorkruis vas en draai dit dan met die moersleutel (oorkruis) vas. Laat die domkrag sak tot die wiel op die grond staan. Draai dan die moere stewig oorkruis met die moersleutel vas.

Haal die domkrag onder die motor uit en bêre saam met die pap wiel en moersleutel in die kattebak. Maak seker daar is nie aankomende verkeer nie voor jy weer begin ry.

Hou 'n blikkie skuimsproei in jou motor om in 'n wiel te spuit wat net oor 'n spyker/doring gery het, tot jy die band by 'n veilige plek kan omruil.

[Verwerk uit: *https://www. https://www.graaffreinetadvertiser.com/News/Article/General/so-ruil-jy-n-band-om*] **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: VISUELE TEKSTE

VRAAG 3: PAMFLET

Bestudeer die volgende pamflet en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit *https://www.google.co.za/imgres?imgurl=https%3A%2F%2Fpbs.twimg.com%2Fmedia%2FDY32*]

Kopiereg voorbehou

3.1	Oor watter belangrike aspek handel hierdie pamflet?	(1)
3.2	Deur wie is hierdie pamflet gepubliseer?	(1)
3.3	Noem TWEE maniere hoe jy water in die stort kan bespaar.	(2)
3.4	As jy vir 10 minute onder die stort staan en ontspan, hoeveel liter water gaan verlore?	(1)
3.5	Watter aktiwiteit benodig die meeste water?	(1)
3.6	Noem TWEE maniere hoe jy water kan bespaar wanneer jy 'n wasmasjien moet gebruik.	(2)
3.7	Dink aan die situasie by jou eie blyplek. Noem TWEE maniere waarop jy daar water kan bespaar.	(2) **[10]**

VRAAG 4: BROSJURE

Bestudeer die advertensie op die volgende bladsye en beantwoord die vrae.

4.1	Watter gemeenskapsaktiwiteit word hier geadverteer?	(1)
4.2	Verduidelik wat die woord gemeente beteken.	(1)
4.3	Watter gemeente bied die geleentheid aan en op watter dag en datum?	(3)
4.4	Noem TWEE aktiwiteite wat aangebied word wat spesifiek deur kinders geniet sal word.	(2)
4.5	Skryf neer of die volgende stelling 'Waar' of 'Onwaar' is en haal 'n sin uit die teks aan wat jou antwoord motiveer. Hierdie geleentheid mag slegs deur gemeentelede bygewoon word.	(2)
4.6	Hoekom dink jy is daar 'n prentjie van ballonne onder op die bladsy van die brosjure?	(2)
4.7	Verduidelik wat slap tjips is.	(1)
4.8	Watter TWEE geregte wat hier verkoop word sal jy kies?	(2)
4.9	Na watter kunstenaar(s) kan jy gaan luister?	(1)
4.10	Dalk kan jy jou vriend/vriendin uitnooi vir 'n karnavalontbyt so teen 11:00? Dink jy dit sal 'n goeie idee wees?	(2)

Kopiereg voorbehou

4.11 Indien jy die ontwerper van hierdie brosjure sou wees, watter kleur sou jy vir die letters van die opskrif 'KARNAVAL' gebruik het? Motiveer jou antwoord. (2)

4.12 Watter aktiwiteit wat NIE hier genoem word nie, sal jy insluit by die karnaval-program? (1)



[Bron: *www.https:://ngmeerensee.co.za/winterkarnaval/karnaval-advertensie//*] **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 5: KREATIEWE TEKSTE

Kies 'n opsie uit KOLOM B wat by 'n beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK neer

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Die onkruid staan die hele tuin vol.	A	Rym
5.2	Hoekom leer studente nie die teorie vir die Afrikaanse toets nie?	B	Metafoor
5.3	Die laaste woorde in die reëls van 'n gedig klink dieselfde, byvoorbeeld 'stop' en 'mop'.	C	Alliterasie
5.4	Die leier van die bende is 'n regte jakkals.	D	Retoriese vraag
5.5	Waarom wil Willie nie was nie?	E	Personifikasie
		F	Assonansie

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.26) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B		
Om te kan lees …			
Lees behoort altyd 'n (6.1 positief) ervaring te wees. Daarom moet ouers deur hulle eie voorbeeld en (6.2 met behulp van) geskikte 6.3 hulpbron), hul kinders se liefde en lus vir lees aanwakker. Om elke dag na jou kind se leesles te luister, is nie altyd die beste manier om leesvaardigheid te bevorder nie. Daar is (6.4 allerlei) maniere om lees deel kinders se (6.5 lewe) te maak. (6.6 Reinette sê: 'Ek glo dat dit belangrik is dat kinders hul ouers sien lees'.) 'n Kind wat in 'n leeskultuur grootword sal (6.7 maklik) bereid wees om te lees as 'n kind wat nie voorheen enige blootstelling aan boeke en lees gehad het nie. Sulke kinders kon dus nie 'n (6.8 positiewe) persepsie oor lees vorm nie. Nou ja, watter beter manier is daar dan om (6.9 leesvaardighede) by kinders te bevorder as deur die 'Tippie'-reeks. Dié (6.10 reeks) word (6.11 saamstel) deur Reinette Lombard en José Palmer – 'n ma- en dogterspan. (6.12 Die appel val nie ver van die boom nie.)	6.1	Gee die korrekte vorm van die woord.	(1)
	6.2	Gee die afkorting.	(1)
	6.3	Gee die meervoudsvorm.	(1)
	6.4	Gee 'n sinoniem.	(1)
	6.5	Gee die meervoudsvorm.	(1)
	6.6	Skryf die sin oor in indirekte rede.	(2)
	6.7	Gee die vergrotende trap.	(1)
	6.8	Gee die antoniem.	(1)
	6.9	Breek die woord op in lettergrepe.	(1)
	6.10	Gee die meervoudvorm.	(1)
	6.11	Gee die korrekte vorm van die woord.	(1)
	6.12	Word hierdie sin letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou keuse.	(2)

Saam het hulle (6.13 47) jaar onderwys-ondervinding en is hul passie om anders te dink (6.14 ...) leer en lees. Reinette vertel dat José as kind reeds 'n droom gehad het om eendag (6.15 kind+boeke) te skryf. 'Op 'n dag het ek gesê sy moet ophou droom en (6.16 *'just do it'*).'	6.13	Skryf die getal in woorde uit.	(1)
	6.14	Voeg die korrekte voorsetsel in.	(1)
	6.15	Vorm 'n samestelling.	(1)
	6.16	Hoekom is die woorde kursief gedruk?	(1)
Reinette voeg ook by dat sy as (6.17 terapeut/terapeet) gereeld sien hoeveel kinders sukkel om te lees. So het hulle toe saam begin om die Tippie-boekies te skryf en het sy dit ook begin gebruik wanneer sy (6.18 praktyk).	6.17	Kies die korrekte woord.	(1)
	6.18	Vorm 'n werkwoord.	(1)
Tippie is 'n (6.19 moderne kleurvolle)	6.19	Skryf oor en voeg die korrekte leesteken in.	(1)
leesreeks en die (6.20 goed) om mee te begin.	6.20	Gee die oortreffende trap.	(1)
(6.21 Kinders sal met selfvertroue saam met Tippie kan begin lees.) Tippie is geskryf sodat kinders suksesvol kan wees. Die meeste kinders vind aanklank by die (6.22 skryfster).	6.21	Skryf die sin in ontkennende vorm.	(2)
	6.22	Gee die manlike vorm.	(1)
Die reeks is gemik op kinders wat in hul (6.23 moedertaal) of addisionele taal leer lees.	6.23	Verduidelik wat hierdie woord beteken.	(2)
Tippie is trots tweetalig (6. 24 !) Elke vlak het	6.24	Wat is die funksie van die uitroepteken?	(1)
10 (6.25 boeke) wat opmekaar bou.	6.25	Gee die verkleinwoord.	(1)
'n (6.26 Verskeidenheid/verskydenheid) ekstra leermateriaal wat saam met die boeke gebruik word, is beskikbaar.	6.26	Kies die korrekte spelling.	(1)
			[30]

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 7: VERGADERINGS

7.1 Die sekretaris van 'n komitee moet baie take verrig TYDENS 'n vergadering.

Noem enige DRIE take wat so 'n persoon moet doen. (3)

7.2 'n Voorsitter speel die belangrikste rol op 'n komitee en moet sekere unieke kenmerke hê.

Noem die VIER belangrikste kenmerke van 'n voorsitter. (4)

7.3 'n Kennisgewing van 'n vergadering word voor die tyd aan al die lede gestuur sodat hulle van die vergadering kan kennis neem.

Noem DRIE van die aspekte oor die vergadering wat vir die lede deurgegee moet word. (3)

7.4 Kies die vergaderingsterme uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.4.1	Lys van items wat by 'n vergadering bespreek moet word	A	mosie
7.4.2	'n Formele voorstel wat by 'n vergadering voorgelê word	B	tesourier
7.4.3	Hierdie lid is verantwoordelik vir die finansies	C	byeenroep
7.4.4	Lys van al die lede teenwoordig by die vergadering	D	beslissende stem
7.4.5	Om 'n vergadering te skeduleer deur 'n kennisgewing uit te stuur	E	agenda
7.4.6	Slegs die voorsitter het hierdie tipe stem	F	register
7.4.7	Besluit wat op 'n vergadering geneem word	G	sake uit die notule
7.4.8	Formele reëls en regulasies wat die organisasie beheer	H	voorstel
7.4.9	Lys van items van die vorige vergadering wat nog nie afgehandel is nie	I	resolusie
7.4.10	'n Formele voorstel wat op die agenda vir bespreking geplaas word	J	grondwet
		K	memorandum

(10 × 1) (10)

[20]

VRAAG 8: ONDERHOUDE

8.1 Voltooi die definisie van 'n onderhoud deur slegs elke ontbrekende woord langs die vraagnommer (8.1.1 – 8.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf:

'n Onderhoud is 'n (8.1.1 …) formele ontmoeting waar die (8.1.2 …) 'n (8.1.3 …) ondervra. Die doel is om (8.1.4 …), gevoelens en kennis uit te ruil. Wanneer daar meer as een onderhoudsvoerder is, word hulle 'n (8.1.5 …) genoem.

(5 × 1) (5)

8.2 Kies die tipe onderhoudvraag uit KOLOM B wat by 'n vraag in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (8.2.1–8.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.2.1	Hoekom het jy by Boland Kollege studeer?	A	hipotetiese vraag
8.2.2	Waar is jy gebore?	B	ope vraag
8.2.3	Hoe sal jy die Studenteraad herorganiseer as jy as die voorsitter aangestel word?	C	geslote vraag
8.2.4	Ek dink almal moet hulle teen Covid 19 laat inent. Dink jy nie ook so nie?	D	spesifieke vraag
8.2.5	Besit jy 'n bankrekening?	E	leidende vraag
		F	selektiewe vraag

(5 × 1) (5)

[10]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou